



**Knowledge grows**

# YaraLiva™ NITRABOR™

## Grond-gehalte Kalsiumnitraat met Boor

Totale N	15.4%	Relatiewe digtheid(los)	1.1 kg/liter
Nitraat N	14.1%	Deeltjiegrootte versprei	90% 2-4mm
Ammonium-N	1.3%	Kleur	Geel
Kalsiumoksied (CaO)	25.6%		
Kalsium (Ca)	18.3%		
Boor (B)	0.3%		

## Stikstof (N) in Nitraatvorm

- Onmiddellik beskikbaar vir opname, wat tot vinnige en voorspelbare groei-reaksie lei
- Nie vlugtig nie en word nie deur gronddeeltjies geadsorbeer nie, wat die beskikbaarheid daarvan vir die plant verhoog
- Die voorkeur-stikstofbron vir die meeste hortologiese en ander hoë-waarde gewasse
- Verbeter die opname van belangrike katione soos kalsium, kalium en magnesium.

## Kalsium (Ca) bevorder:

- Die sterkte van selwande, wat tot beter gewasgehalte, 'n langer raklewe en 'n groter bemarkbare oes lei
- Die sterkte van selwande, wat weerstand teen siekte en insekinfeksie verhoog
- Grondstruktuur, sodat 'n optimale wortelomgewing in stand gehou kan word vir hoë-opbrengs oeste
- Weerstand teen buitengewone hitte of koue.

## Boor (B) bevorder:

- Die doeltreffende opname van kalsium (Ca), wat tot gebalanseerde plantvoeding lei
- Die verspreiding van kalsium in die vrugte self, wat die elastisiteit van plantweefsel verhoog en die risiko van krake in skille verlaag
- Oesgehalte, omdat dit die simptome van 'n boortekort – soos "swart hart" en probleme met bros plantweefsel – voorkom

## Die simptome van 'n kalsiumtekort

Blomedverrotting (BER) by tamaties, blaarslaai met punte wat gebrand voorkom, interne verbruining by aartappels en bitterpit by appels is van die algemeenste simptome van 'n kalsiumtekort. Kalsium (Ca) beweeg deur middel van passiewe opname deur die transpirasiestroom vanaf die wortels na die bogrondse plantdele. Dit is dus noodsaaklik dat 'n voldoende hoeveelheid wateroplosbare kalsium in die wortelsone beskikbaar is wanneer plante dit nodig het.



## Voordele

YaraLiva™ Nitrabor™ (Reg. Nr. K6395; Wet 36 van 1947) is 'n kompakte korrelkunsmis wat maklik en akkuraat per hand of meganies (strooier – tot 24 meter) toegedien kan word.

Dit is 'n vry vloeiente produk met 'n unieke laag vir bo bemesting.

Dit los maklik en vinnig op in klam grond (bv. dou in die nag).

Die risiko van blaarskroei is baie laag. Die produk kan as bobemesting gebruik word by verskeie gewasse wat ekstra boor nodig het.

Geen uitwerking op die pH van grond nie.



**Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd**

Lambrechtstraat, Hugenoot  
Paarl, Suid Afrika

+27 21 877 5300

infosa@yara.com

www.yara.co.za